

Gereformeerde Kerk Bellville – 16 Augustus 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 62:4, 5 (p. 302)

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lew^een lot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.
- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 108:1, 2 (p. 542)

- 1 Hoe rus, o God, my hart in my / nou 'k U 'n môrelied kan wy.
Ontwaak met my, my harp, ontwaak! / Ek wil die rooidag wakker maak.
U trou en goedertierenheid, / tot bo die hemel uitgebreid,
sal ek verhoog bo al wat leef / met sang wat van ontroering beef.
- 2 Verhef U bo die hemel wyd, / en bo die aarde^u heerlijkheid!
Verlos u gunsvolk deur u hand, / verhoor ons, send ons onderstand.
God het dit uit sy tempel al / laat klink met hoogste jubelskal:
"k Sal Sigems stad my eie heet / en Sukkot as my erfdeel meet."

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:3, 4 (p. 586)

- 3 As ek, HEER, u wet wat billik, / reg en waar is, maar kan leer,
dan word U van ganser harte / en opreg deur my geëer.
Ja, ek loof U, want regverdig / is u regte, woord en daad.
Wil dan nimmer my verlaat nie / wat u wet nie wil verlaat.
- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.

Gebed

Psalm 103:7, 9 (p. 505)

- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.
- 9 Maar Gods genade^een goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-15; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 12

Kernvers: 2 Petrus 1:10

**Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping
en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit
struikel nie. (2 Petrus 1:10 AFR53)**

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1, Artikel 12

Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. Dit gebeur in verskillende trappe en nie vir almal in gelyke mate nie. Hulle ontvang hierdie versekering nie deur nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God te probeer deursoek nie, maar wel deur in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydschap en heilige vreugde waar te neem. Hierdie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing is ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid, ens. (2 Kor 13:5).

Tema: Die uitverkorenes kan seker wees van hulle uitverkiesing

Geliefde gemeente van Jesus Christus, op grond van die Here se openbaring in die Skrif het ons tot dusver met die woorde van ons Dordtse Leerreëls bely dat God 'n sekere aantal mense by die naam uitgekies het tot die ewige lewe, maar die ander het Hy in die uitverkiesing verbygegaan. Ons weet ook nou al dat God mense uitverkies het omdat Hy Homself wil verheerlik (Dordtse Leerreëls 1:10). En hierdie besluit van die Here staan vas, daarom kan die getal van die uitverkorenes nie eers verminder word nie (Dordtse Leerreëls 1:11).

Oor hierdie troos wat die Heilige Gees ons sover gegee het oor die uitverkiesing is ons baie dankbaar. Maar nou kan ons nie meer wag om te vra nie. Vandat ons begin het met hierdie reeks preke oor die uitverkiesing het ons vrae soos die volgende al begin vra: Is ek ook een van die uitverkorenes? Het ek ook deel aan die verlossing in Christus? Sal ek ook salig word? Kan ek seker wees dat ek uitverkies is?

Die Remonstrante het gesê dat 'n mens nie sekerheid oor jou uitverkiesing kan hê nie. Hulle het onder andere geleer: **Daar is in hierdie lewe geen vrug, geen besef en geen sekerheid van die uitverkiesing tot heerlikheid nie** (Dordtse Leerreëls VD 1:7). Volgens hulle kan 'n mens oor die uitverkiesing praat, maar 'n mens kan nooit seker wees of jy uitverkies is nie.

In die een-en-twintigste eeu het dit mode geword om onseker te wees en te twyfel. Die waarheid wat die Here in die Skrif openbaar, wil hulle nie aanvaar nie. Hulle eie nadenke oor die Here en sy openbaring is vir hulle die hoogste gesag. Twyfel en onsekerheid het vir hierdie mense die hoogste wysheid geword. Die Prediker het dit lank gelede al gesê:

Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie. (Prediker 1:9 AFR53)

Die twyfel en onsekerheid van vandag is maar net die herhaling van die Remonstrante se dwaling.

Lees 'n mens die Bybel deur dan kom jy agter dat gelowiges seker kan wees van hulle uitverkiesing. Met oortuiging skryf Paulus aan die Efesiërs dat hy en die gelowiges daar deur God uitverkies is (Efes 1:4-5). Jesus vermaan sy twee en sewentig dissipels om nie bly te wees dat die bose geeste hulle gehoorsaam het nie. Hulle moet liever bly wees dat hulle name in die hemel opgeskrywe is (Luk 10:20). Teenoor die vurige aanvalle van die duiwel kan die Christene met oortuiging sê dat daar niemand is wat die uitverkorenes van God kan aankla nie (Rom 8:33).

As die gelowiges dan in die Bybelse tyd seker kon wees dat hulle deur Jesus Christus verlos is en daarom kinders van God is, beteken dit dat ware gelowiges vandag ook seker kan wees dat hulle uitverkies en verlos is. Ons bely juis in artikel 12 dat ons sekerheid oor die uitverkiesing kan hê en wanneer en hoe ons dit kry.

Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. Gelowiges sal op God se tyd sekerheid kry oor hulle uitverkiesing. Nou weet ons dat God se tyd en ons tyd nie altyd honderd persent ooreenstem nie. Van nature wil ons die dinge stadiger of vinniger laat gebeur. En vir baie mense het dit 'n stokperdjie geword om uit te reken wanneer wat gaan gebeur wat God in sy alwysheid nie aan ons geopenbaar het nie.

Wanneer dit oor die sekerheid van die uitverkiesing gaan, wil mense die tyd verhaas deur te sê jy moet maar net naby aan die Here lewe, want dan sal jy sekerheid kry. Met so 'n redenasie dink die mens dat hy die Here kan beïnvloed deur die heelyd skouer te skuur met Hom. Die genade van die Here leer 'n mens egter om die dinge wat die Here nie geopenbaar het nie veilig in sy wyse hande te laat. Die Here het 'n tydstip bepaal waarop elke uitverkorene sekerheid sal kry.

Alle Christene is nie op dieselfde tydstip ewe seker van hulle uitverkiesing nie. Die Here gee hierdie sekerheid **in verskillende trappe en nie vir almal in gelyke mate nie.** Hoewel die Heilige Gees Christene saambring en -bind in 'n gemeente, werk God nie met sy kinders soos met 'n trop skape nie. Hy werk met elke kind van Hom ook persoonlik en afsonderlik. Net soos by die tydstip waarop 'n gelowige seker word van sy uitverkiesing, net so is God ook in volle beheer oor die hoeveelheid sekerheid wat Hy aan sy kind gee.

Geloof in die Drie-enige God is inderwaarheid 'n verhouding met die lewende God. En soos alle verhoudings is daar 'n groeiproses. Menslike ongeduld werk eenvoudig nie by verhoudings nie. Jy kan nie 'n verhouding ryp druk nie. En sekerheid oor 'n mens se uitverkiesing kan 'n mens nie van die Here afdwing nie. Daarom vermaan ons onself en mekaar in ons belydenis: Gelowiges **ontvang hierdie versekering nie deur nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God te probeer deursoek nie.**

In ons Skrifgedeelte gee die Here aan ons die proses waarlangs die Heilige Gees die sekerheid oor die uitverkiesing aan die ware gelowiges skenk. Ons kernvers begin met die woord *daarom*.

Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.
(2 Petrus 1:10 AFR53).

Die Heilige Gees skenk die sekerheid oor die uitverkiesing, maar ons het 'n verantwoordelikheid. Ons moet ons beywer om ons roeping en verkiesing vas te maak. Daar is dus iets wat ons kan en behoort te doen, want deur daardie handeling skenk die Here die sekerheid. Maar wat is hierdie verantwoordelikheid van 'n gelowige?

Die woord *daarom* is die sleutel wat in die slot van vers 8 en 9 pas.

Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet. (2 Petrus 1:8-9 AFR53)

Ons verantwoordelikheid is dus om iets te hê wat ook by ons moet toeneem – dit is waarna die woorde *hierdie dinge* in vers 8 verwys. En as ons hierdie dinge het en dit neem toe by ons, sal ons ons Here Jesus Christus nog beter leer ken en nie vergeet wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het nie. Met die sleutel van vers 10 is die slot van vers 8 en 9 nou oopgesluit en agter hierdie deur sien ons die dinge wat by ons aanwesig moet wees en toeneem. Dit is die dinge wat in vers 5 tot 7 vir ons geskryf staan.

Voordat ons hierdie dinge in vers 5 tot 7 gaan verken, moet ons net eers by vers 3 en 4 stilstaan. Dan sal ons beter verstaan hoekom ons met alle ywer hierdie dinge by ons geloof moet voeg.

As die Seun van God skenk Jesus aan die gelowiges alles wat tot die lewe en godsvrug dien. *Die lewe* is die ewige lewe of die nuwe lewe van 'n Christen. En *godsvrug* is om bewustelike voor die oë van die Here te lewe. Jesus skenk dus aan die gelowiges alles wat hulle nodig om met ontsag en eerbied voor die aangesig van die Vader te lewe. En Hy doen dit deurdat Hy Homself aan ons bekend maak as die Seun van God wat hoogverhewe is, want Hy is God, en wat in sy gehoorsaamheid aan sy Vader volmaak is.

As Seun van God en sondelose mens wat volmaak gehoorsaam is aan die Vader, maak Jesus Homself ook bekend as die enigste en volmaakte Verlosser wat aan die kruis die grootste en kosbare beloftes verwerf het om aan die gelowiges te gee. Hierdie beloftes is vergewing van sonde, kind wees van God en die ewige lewe.

Ons kan vers 3 en 4a soos volg saamvat. Deur die Heilige Gees en die Woord gee Jesus Christus Homself aan die gelowiges as hulle Verlosser. Sy verlossingswerk maak die beloftes deur die geloof in Hom 'n werklikheid vir die gelowiges – deur Christus ontvang hulle vergifnis van sonde, kind wees van God en die ewige lewe.

En die rede waarom Jesus dit doen, is sodat hulle deel kan kry aan sy goddelike natuur. Om deel te kry aan die goddelike natuur beteken nie dat mense gode word nie. Dit beteken dat hulle soos Christus al meer en meer heilig lewe omdat die Heilige Gees hulle gelykvormig maak aan die beeld van Christus.

Aangesien Jesus Christus alles geskenk het, sodat gelowiges die ewige lewe kan hê en deur die krag van die Gees nou al as kinders van God kan lewe en met sy wederkoms gelykvormig kan wees aan sy beeld, is hulle verantwoordelikheid om by hulle geloof die deug, die kennis, die selfbeheersing, die volharding, die broederliefde en die liefde vir alle mense te voeg. Geloof is die geskenk wat die Heilige Gees aan elke ware gelowige gee. Deur die geloof weet 'n mens dat alles wat in die Bybel verkondig word die waarheid is en vertrou jy dat die verlossing wat Christus aan die kruis bewerk het, Hy ook vir jou gedoen het. Hierdie geloof moet nou versterk word om te groei sodat dit tot volwassenheid kan kom.

Daarom moet die geloof met deug versterk word. Geloof kan nie net iets teoreties bly nie – net iets wat 'n mens sê nie. Geloof gaan oor tot aksie. Deug is dus daardie vermoë om die geloofsoortuiging geloofspraktyk te maak. Byvoorbeeld, as jy glo en bely dat God ter wille van Jesus Christus jou Vader in die hemel is, sal jy jou vertrou ten volle in Hom stel wanneer dit kom by die dinge wat jy nodig het om te lewe, soos kos en klere. Jy sal dit vir Hom vra, van Hom verwag en Hom daarvoor dank. Maar ook teenoor ander mense sal ware geloofsoortuiging 'n geloofspraktyk word. Omdat jy oortuig is dat alle mense na die beeld van God geskape is, sal jy nie met hulle praat en teenoor hulle optree asof hulle jou besittings is nie.

Om jou geloofsoortuiging geloofspraktyk te maak moet 'n mens weet hoe 'n deugsame lewe lyk. Daarom spoor die Heilige Gees ons aan om die geloof verder te versterk deur kennis by die deug te voeg. Die kennis van 'n deugsame lewe gaan ons nie deur selfdoenprogramme leer ken nie maar in die Bybel. Daarom is gereelde lees en studie van die Bybel onmisbaar vir 'n ware Christen. En wat 'n heerlike voorreg het die Here nie vir ons in hierdie gemeente beskik nie. Niemand van ons hoef alleen te sukkel om die Bybel te verstaan nie. Die Heilige Gees is in elke gelowige teenwoordig en daarby gee die Heilige Gees ook nog verskeie Bybelstudiegroepe in die gemeente waar ons die kennis saam met ander kan verkry om ons geloof te versterk.

Wanneer 'n mens nou die kennis uit die Woord kry vir 'n deugsame lewe, moet dit nou ook nie net by teorie bly nie. Die kennis moet nou toegepas word in 'n deugsame lewe. Daarom moet ons selfbeheersing by die kennis voeg. Sonder selfbeheersing is 'n mens weerloos en dit kan noodlottig wees vir 'n mens, sê die Spreukedigter (Spr 25:28; 5:23). Maar selfbeheersing in hierdie sin is nie dat ek myself dwing om te doen wat die Here my leer nie. Aangesien selfbeheersing ook deel is van die vrug van die Gees (Gal 5:22), beteken dit ek onderwerp my meer en meer aan die Heilige Gees, want dit is Hy wat my gewillig en bekwaam maak om God se wil te doen.

Maar om nou net een keer selfbeheersing toe te pas en net een keer die wil van God te doen, is nie genoeg nie. As jy vir 'n wedloop oefen, draf jy nie een keer om die blok en meen jy is nou reg vir die wedloop nie. Nee, jy volhard met die oefening sodat jy gereed kan wees om die wedloop te voltooi. Ons geloof sal alleenlik groei tot volwassenheid wanneer ons volhard om selfbeheersing toe te pas om die wil van God te doen. Bybelse volharding is ook nie om met jou kop omlaag voort te strompel omdat dit is wat jy nou moet doen nie. Bybelse volharding is om met jou kop omhoog en jou oog gevestig op Jesus Christus aan te hou doen wat reg is in die oë van die Here. 'n Gelowige hou dus aan om deugsam te lewe omdat Christus deur sy Gees met hom voluit aanhou. Hy wil sien hoe elke gelowige gelykvormig word aan sy beeld.

Deur hierdie volharding om, onder leiding van die Heilige Gees, jou geloofsoortuiging geloofspraktyk te maak, maak die Gees 'n mens al meer en meer bewus dat jy oop en bloot voor die oë van God lewe. Hierdie besef spoor 'n mens aan om 'n godvrugtige lewe te lei. Wanneer jy weet dat die Here jou sien lewe, is jy meer en meer daarop bedag om Hom nie teleur te stel en te bedroef met jou lewe nie. Jy wil Hom dan verheerlik en tevrede maak. Daarom verdiep jy jou nog meer in die Woord van die Here sodat jy kan weet wat God tevrede maak en Hom verheerlik.

Nou is 'n godvrugtige lewe ook nie iets wat jy net op jou eie kan beoefen nie. Juis deur 'n mens se betrokkenheid in die gemeente waar die Here jou geplaas het, kom 'n godvrugtige lewe tot sy volste reg. Christus is immers die Hoof van die gemeente, sy liggaam (Efes 1:22-23). 'n Mens kan mos nie alles met die Hoof maar niks met die liggaam te doen wil hê nie. Dit is deurdadig dat die Christen sy funksie as deel van die werking van die hele liggaam vervul, dat hy homself aan die Hoof van die kerk onderwerp soos dit hoort. Wie dus tot geloofsvolwassenheid groei, staan nie los van die ander gelowiges nie, maar versterk juis sy geloof, deug, kennis, selfbeheersing, volharding en godsvrug met liefde vir die ander gelowiges.

Maar 'n gemeente kan ook nie in isolasie bestaan en groei tot geloofsvolwassenheid nie. Om regtig gelykvormig aan die beeld van Christus te word is liefde vir alle mense nog 'n deel wat by die geloof gevoeg moet word. Dit is immers eie aan Jesus se eienskappe en karakter. Die liefde wat sy Vader vir die wêreld het, klop in sy hart. Dit is oor sy liefde vir

mense dat die mense na Hom gestroom het om Hom te hoor en te sien. In navolging van Christus behoort elke lidmaat en die hele gemeente se hart gevul te wees met hierdie liefde vir alle mense. Dit is 'n liefde wat 'n mens dring om van Jesus en sy verlossingswerk te vertel sodat alle mense die roepstem van God mag hoor.

Deur 'n mens se verantwoordelikheid rondom jou geloof so na te kom ontvlug 'n mens tegelykertyd die begeerlikheid wat in die wêreld is. En die Heilige Gees werk in die uitverkorene die sekerheid oor sy uitverkiesing in so 'n mate as wat God in daardie stadium sekerheid wil gee.

Die sekerheid oor jou en my uitverkiesing kom nie deur 'n stem uit die hemel of 'n helder lig wat op ons straal as ons wil weet nie. Op die manier wat die Here self gekies het – **ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid** – bewerk die Heilige Gees sekerheid in elke uitverkorene se hart.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (10:1, 2, 5, 6)

- | | | | |
|---|--|---|---|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid. |
| 5 | Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,
geen eng'lemag, bo-menslik groot, | 6 | geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly. |

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 14-2

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;
Die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –
Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Augustus 2015